# SOMERSTRAND GEMEENTE
## *Bybelstudie*
# Johannes 20

**Johannes 20:21-23** **4 Mei**

## Groei

### Inleiding

'n Kind gaan saam met sy pa uit wanneer hy visvang en sien hoe sy pa dit doen. Sy pa maak hom ook bietjie touwys en laat hom oefen. Op 'n dag gee sy pa vir hom 'n visstok en sê "Gaan uit en gaan vang vis! Jy is nou voorbereid en gereed!"

Op 'n manier is dit wat Jesus hier met die dissipels doen na sy opstanding. Na Hy hulle die versekering gegee het dat Hy opgestaan het en leef, het Hy oor hulle geblaas as teken van die Heilige Gees wat Hy vir hulle los. Dit is ook volgens sy belofte dat wanneer Hy gaan, Hy vir hulle die Gees as helper sal stuur. (Johannes 14:16)
Nou stuur Hy hulle soos die Vader Hom gestuur het. Hy sal nie meer liggaamlik by hulle wees nie, maar hulle is bekragtig om sy werk voort te sit en vissers van mense te wees. (Matteus 4:19)

### Bid saam

Bid saam dat die Gees julle deur die Bybelstudie sal lei.

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 20

### Bespreking

Lees nou die Bybelstudieteks weer saam deur. Gee geleentheid dat elkeen hul algemene indrukke deel.

- Wat het jou opgeval en aangespreek?
- Wat is vir jou moeilik en wat verstaan jy dalk nog nie?

Die werk waarvoor Hy hulle toerus en uitstuur het te doen met vergewing van sondes. (Vers 23)

- Hoekom dink julle is die mag aan gelowiges gegee om sondes te vergewe of nie?
- Hoe hou dit verband met dit wat Jesus deur sy kruis en opstanding bewerk het?
- Wat dink julle bedoel Jesus in vers 23 wanneer Hy sê dat ons die mag het om te vergewe en nie te vergewe nie?
- Hoe is dit deel van die goeie nuus van die evangelie en hoe hou dit verband met hul gestuurdheid om vissers van mense te wees?

Om hierdie vrae beter te beantwoord en die omvang van hierdie opdrag te verstaan help dit om te kyk hoe Jesus en later die apostels dit toegepas het.

- Lees die volgende tekste as voorbeelde en vertel vir mekaar hoe dit julle help om vers 23 se stelling beter te verstaan: Markus 2:3-11, Lukas 7:37-48, Matteus 18:15-35, Handelinge 3:16-20; Johannes 3:16-18 (kyk ook na bespreking vir kinders.)
- Een van die dinge wat die Heilige Gees doen is dus om ons te help om Jesus se vergifnis en redding wat Hy vir ons gegee het ook met ander te deel. Hoe help die Gees jou persoonlik hiermee?

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## *Bybelstudie*

# Johannes 20

### Bid saam

- Bid vir die werking van die Heilige Gees in julle groep, sodat julle ook Jesus se werk kan voortsit.
- Bid vir vergifnis vir jouself en ander en vra die Here om jou ook hiermee te help.
- Bid vir mense wat nie die goeie nuus van die evangelie en vergifnis van sondes wil aanvaar nie.
- Bid oor jul gestuurdheid. Soos Jesus deur die Vader gestuur is, so stuur Hy ons ook!
- Bid oor jul gestuurdheid as groep. Hoe wil die Here julle as groep gebruik vir sy Koninkryk?

### Bespreking met kinders

Praat met die kinders oor mense se natuurlike manier om mekaar te wil terugkry. Jesus was anders. Hy het nie gekom om ons terug te kry vir al die slegte dinge wat ons doen nie, maar om te vergewe deur die kruis sodat dit ons lewe kan verander! (Johannes 3:16-17) Hy het nie gekom om ons terug te kry nie, maar om ons terug te wen! Elkeen wat dit aanvaar, lewe nou in sy vergifnis 'n nuwe lewe. Hy stuur ons ook om hierdie boodskap in woord en daad verder uit te dra sodat nog ander daardeur teruggewen kan word.

Ongelukkig aanvaar nie almal hierdie boodskap nie.

### Notas:

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................